Rietvallei bestuur het besluit om gedurende Maart 2018 'n kuier te reël vir ons nuutverkose lede en ook terselfdertyd totsiens te sê aan dié wat afgestaan het van bestuur.

Hierdie kuier, en vergadering het plaasgevind Saterdg 3 Maart 2018 aan huis van Wayne en Anna Marie Botha.

Ons was 'n voltal bestuur en het om 14H00 met maandelikse vergadering afgeskop. Kuiergaste het af en toe ingeloer om seker te maak dat ons nie te lank vergader nie, sodat ons met die funksie kon begin.

Na afloop van vergadering was daar toe afskeid geneem van 2 Bestuurslede – Hans Koekemoer en Magdaleen Viljoen. Hans het reeds diep spore getrap op Bestuur en ook op Streek en Nasionalevlak. Magdaleen het oor die afelope paar jaar diens gedoen as redaktrise en haarself uitstekend gekwyt van haar taak. Meriete toekennings is ook aan beide die uittredende bestuurslede toegeken. Hans en Magdaleen, julle sal beslis gemis word, en wie weet, dalk sleep ons jul weer eendag nader.

Ons het ook die voorreg gehad om 3 nuwe lede te verwelkom. Tjaart Klaassen, Rudi en Magda Britz het by ons aangesluit. Tjaart is geen nuweling, en ons is oorstelp dat hy weer bereid was om te dien as Penningmeester. Rudi kom met baie Bestuursondervinding van ander streek af, en ons sal hom beslis ten goede kan aanwend. Magda neem oor as redaktrise, en sy het reeds ingeval en verseker dat ons redaksie op datum is. Baie WELKOM aan julle 3.

Wayne en Anna Marie, 'n baie groot DANKIE vir die gasvryheid en beskikbaar stel van julle huis. Ons het dit terdeë geniet, en hopenlik nie te vuil gelos nie.

Aan Al die nuwe en uittredende lede, baie DANKIE vir julle bereidwilligheid en diens.


Magdaleen
Hans